DISSIPELSKAP LES 27

1	GEBED

Bid vir God se leiding deur Sy Gees, vir ’n bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem.
Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	AANBIDDING (20 minute) *[KENMERK VAN GOD]* GOD IS KENBAAR

Meditasie
Aanbidding is bewondering van en lofprysing aan God.
Tema: Die God van die Bybel is kenbaar.
Lees die Bybelgedeeltes saam deur. Lees die uitleg voor of lê dit in jou eie woorde uit.

God is nié ’n afgodsbeeld wat deur mensehande gemaak is nie. Hy is ook nie ’n god wat deur een of ander godsdienstige profeet uitgedink is nie. Sulke gode openbaar hulle nooit, omdat hulle nie bestaan nie. Mense het hulle met hande gemaak of met hulle verbeelding uitgedink en gefabriseer.

Die God van die Bybel is ’n Lewende God. Hy bestaan en openbaar Homself deur te spreek en te handel in die menslike geskiedenis. Hy openbaar Homself deur in die Ou Testament te verskyn en in die Nuwe Testament as die Mens Jesus Christus onder die mense te woon. Dus kan ons mense die God van die Bybel ken en ook met Hom omgaan, kommunikeer en gemeenskap hê!

1. Net die Lewende God openbaar Homself aan baie mense.

Lees Jesaja 46:1-13. In Jesaja daag God die gode van die Babiloniërs uit om met konkrete bewyse te toon dat hulle bestaan en regtig lewe.

(1) Nét die God van die Bybel word nie geskep of gemaak nie.

Mense is self deur die God van die Bybel geskep. Maar nou probeer hulle “god” met hulle eie hande te maak. Houtwerkers en smede maak afgodsbeelde van hout, goud en silwer (Jesaja 46:6). Ook filosowe en profete van die godsdienste ontwerp hulle eie gode uit hulle fantasieë. Maar al hierdie handgemaakte en met die verstand uitgedinkte “gode” kan nie bewys dat hulle bestaan nie! Hulle is dood. Hulle praat nie en openbaar nie hulleself nie. Niemand kan met ‘n dooie “god” ‘n verhouding aangaan nie.

Maar die God van die Bybel spreek en handel, openbaar Homself en bewys wel onteenseglik dat Hy bestaan en leef!

(2) Nét die God van die Bybel is onvergelykbaar.

Die gode van ander godsdienste is “mensgemaak”! Deur die loop van die menslike geskiedenis het mense afgode van hout of steen gemaak en met goud of silwer oorgetrek. Kluisenaars in die ooste, filosowe in die weste en sogenaamde profete van godsdienste het hulle eie gode ontwerp vanuit hulle fantasieë en het wêreldgodsdienste gestig. Hulle aanbid “god” soos hulle dink ’n god behoort te wees en hulle ontwerp ’n sisteem van “verlossing” waardeur mense kan opklim na “god” toe, bv., die Jode beskou die aard van God as “ ’n wiskundige eenheid”. En vir “verlossing” het hulle 613 mensgemaakte wette toegevoeg tot die Wet van God, waardeur mense geregverdig kan word. Daarby sê hulle dat net Israel “God se volk” is. So word die God van die Jode ’n “god” van een bepaalde ras, volk en godsdiens! So het baie meer godsdienste ontstaan.

Maar die God van die Bybel het Hom heeltemal anders geopenbaar! Hy sê “Hierdie volk is naby My met die mond, hulle eer My met wat hulle sê, maar hulle hart is ver van My af, hulle dien My soos mense dit wil hê, nie soos Ek wil nie” (Jesaja 29:13). “Dit help niks dat hulle My probeer dien deur leerstellings van mense as gebooie van God voor te hou nie. Julle laat die gebod van God los en hou aan die oorgelewerde gebruik van mense vas” (Markus 7:7-8). Die God van die Bybel daag alle godsdienste van die wêreld uit, “Met wie kan julle My vergelyk, aan wie kan julle My gelykstel, met wie kan julle My op een lyn stel, wie kan 'n vergelyking met My deurstaan?” (Jesaja 46:5). “Ek is God, daar is geen ander nie; Ek is God, daar is niemand soos Ek nie.” (Jesaja 46:9)! Die God van die Bybel sê dat die “gode” van die ander godsdienste glad nie bestaan nie! Die profeet Jeremia sê, “Luister wat die Here vir julle sê, Israeliete! So sê die Here: Moenie die gewoontes van die heiden nasies aanleer nie. Moenie bang wees vir die tekens aan die hemel nie, want dit is die heiden nasies wat daarvoor bang is. Hulle voorskrif om 'n god te kry, is sinloos: hulle kap 'n boom in die bos af, ’n ambagsman kerf dit uit met 'n beitel, hy versier dit met silwer en goud, met hamer en spyker slaan hy dit vas dat dit nie omkantel nie. Sulke gode kan net so min praat as ’n voëlverskrikker in 'n komkommerland; hulle moet gedra word, want hulle kan nie loop nie. Moenie vir hulle bang wees nie, want hulle het geen mag om goed of kwaad te doen nie (Jeremia 10:1-5). En die apostel Paulus sê, “Wat wil ek hiermee sê? Dat ’n afgodsoffer of ’n afgod enige

betekenis het? Nee, maar dat dié wat aan hulle offer, aan bose geeste offer en nie aan God nie. En ek wil nie hê julle moet met bose geeste gemeenskap hou nie"(1 Korintiërs 10:19-20). Dus wat ander godsdienste sien as "gode", is in die oë van die God van die Bybel "bose geeste"!

(3) Nét die God van die Bybel het Homself in die menslike geskiedenis geopenbaar.

Die gode van die ander godsdienste het niks van die verlede geopenbaar nie! Omdat hulle uit dooie materiaal gemaak is of alleen as godsdienstige idees bestaan, praat hulle nie en kan hulle nie optree nie. Hulle openbaar nie hulleself nie, maar word deur sogenaamde profete gepropageer. Hierdie gode kan nêrens heen gaan nie, maar hulle aanhangers moet na hulle toe opklim d.m.v. die onderhouding van honderde wette en godsdienstige pligte. Die Hindoes moet die yoga van kennis, werke, toewyding of okkultisme volg om één te word met hulle gode. Die Boeddhiste moet 'n agtvoudige pad opklim om die verligting van Boeddha te beleef. Die Jode moet 613 wette hou om deur God geregverdig te word. In ander godsdienste moet mense verpligte tye bid, vastye waarneem, gee van aalmoese en pelgrimsreise onderneem. Elkeen moet opklim d.m.v. godsdienstige wette en pligte, omdat hierdie "gode" hulleself nie openbaar nie en ook nooit afkom na die mense toe nie.

Maar die God van die Bybel openbaar Homself en kom af na waar die mense is. Hy het in die menslike geskiedenis gepraat en opgetree. Hy het openbaar wat daar in die verlede gebeur het. "Dink aan wat vroeër gebeur het, lank gelede" (Jesaja 46:9). Die hele Ou Testament is vol van God se woorde en optredes in die menslike geskiedenis! Daarom is Hy God. Daar is geen ander een nie! In die Nuwe Testament het God naas sy goddelike natuur ook die menslike natuur aangeneem, sy skepping en die menslike geskiedenis binne getree en onder die mense kom woon (Johannes 1:1,14). "Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee" (Jesaja 9:5-6).

(4) Nét die God van die Bybel het die toekoms voorspel.

Die gode van die ander godsdienste het niks van die toekoms geopenbaar nie! Hulle het niks voorspel wat daar in die toekoms sou gebeur nie! Daarom swyg die gode soos die graf! Hulle het niks te sê nie!

Maar die God van die Bybel kondig lank tevore aan wat daar in die toekoms gaan gebeur! "Ek is God, daar is geen ander nie; Ek is God, daar is niemand soos Ek nie. Ek kondig vantevore aan wat later sal kom, lank tevore al wat nog nie gebeur het nie. Ek sê wat Ek besluit het en dit gebeur, wat Ek wil, doen Ek." (Jesaja 46:9-10).

- Hy het aan Adam by die skepping aangekondig dat Christus sou kom en die kop van die satan sou vermorsel (Genesis 3:15)! Dit het gebeur tydens die eerste koms van Christus (Matteus 12:28-30; Lukas 10:17-20; Johannes 12:311-32; Kolossense 2:15; Hebreërs 2:14; Openbaring 12:1-12)!
- Hy het aan Abraham meer as 200 jaar voor dit gebeur het aangekondig dat sy volk vir 400 jaar in Egipte onder andere as slawe onderdruk sou word (Genesis 15:13-14). Dit is letterlik vervul!
- Hy het aan Moses 940 jaar voor die tyd aangekondig dat sy volk na Babilon verban sou word en dan onder die volke verstrooi sou word. (Deuteronomium 28:45,49-52,62-64). Dit het letterlik in vervulling gegaan!
- In meer as 60 profesieë in die Ou Testament het Hy tussen 2000 en 500 jaar vantevore aangekondig dat Jesus Christus sou kom en wat Hy sou doen! Al hierdie profesieë van die God van die Bybel is letterlik vervul!

(5) Alleen die God van die Bybel dra Sy mense.

Die gode van die ander godsdienste kon nie uit hulleself beweeg nie! Hulle moes plegtig op die skouers van hulle aanbidders rondgedra word! Later word hulle op die rûe van esels in ballingskap weggevoer (Jesaja 46:1). Hulle word in die tempels neergesit, met spykers en toue regop gehou, en bly dan daar staan. Hulle kan glad nie vanself beweeg nie (Jesaja 46:7a).

Maar die God van die Bybel dra sy volk van hulle geboorte af tot hulle ouderdom! Hy het beloof, "tot in julle grysheid sal Ek julle dra. Ek het julle gemaak en Ek sal julle vashou, julle dra en julle red" (Jesaja 46:3-4). Soos 'n vader sy kind (op sy skouers) dra, so dra God sy volk deur die woestyn van die lewe al die pad tot by hul bestemming (Deuteronomium 1:31)!

(6) Alleen die God van die Bybel hoor gebede.

Die ander godsdienste se gode antwoord nooit die gebede en hulle aanbidders se geroep om hulp. "As iemand na hom roep, antwoord hy nie, hy help hom nie uit sy nood nie (Jesaja 46:7b). "God" word soms voorgestel as so hoog verhewe bo die mense, dat niemand by hom kan uitkom nie en so ver dat hy nie gebed hoor nie. Die godsdienste bid wel, maar kry geen antwoord nie!

Maar die God van die Bybel luister altyd na die gebede van sy mense. Hy het beloof, "Voor hulle nog roep, sal Ek antwoord, terwyl hulle nog praat, sal Ek hulle gebed verhoor" (Jesaja 65:24)!

(7) Alleen die God van die Bybel red mense.

Die gode van die ander godsdienste kan niemand red nie. Hulle verlos niemand van hulle sondes en kan ook niemand red nie (Jesaja 46:7c). Hulle kan hulleself nie eens red uit ballingskap nie en word op die rug van pakdiere vervoer (Jesaja 46:1-2).

Maar die God van die Bybel red, steun en beskerm (Jesaja 46:4c). Hy red mense van hulle sondes en sê, "En tog is dit Ek wat jou opstandigheid vergewe. Ek is getrou aan Myself, Ek dink nie meer aan jou sondes nie." (Jesaja 43:25)!

2. Jesus Christus maak God bekend.

Lees Matteus 11:25-27. Die ware kennis van die God van die Bybel kom alleen deur die Here Jesus Christus. Alleen Hy ken God. En alleen hulle aan wie Hy God openbaar, ken God. Dit is die Gees van Jesus Christus Wat deur die profete in die Ou Testament gepraat het (1 Petrus 1:9-12). Dit is die Gees van Jesus Christus Wat deur die apostels in die Nuwe Testament gespreek het (Johannes 16:13-15). Jesus Christus is die Middelaar Wat die enige en lewende God aan die mense geopenbaar het. Mense wat Jesus Christus ken, ken ook vir God (Johannes 8:19).

Aanbidding
Aanbid God as die Kenbare. Doen dit kort, om die beurt, of in klein groepies van drie-drie.

3	DEEL (20 minute) *[STILTETYE]* GENESIS 12:1 – 15:21

Maak beurte en vertel/deel (of lees) kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Genesis 12:1 – 15:21). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy sê nie.

4	ONDERRIG (70 minute) *[EVANGELIE]* BEGRIPPE VAN DIE EVANGELIE – DEEL 2

Inleiding. As ons die evangelie aan mense vertel, moet in staat wees om die woorde wat ons gebruik goed te verduidelik. In handleiding 1, les 3 het ons die begrippe “sonde”, “dood” en “oordeel” uitgelê. Nou gaan ons nog twee begrippe uitlê:

- “Waarom is Jesus Christus die enigste Weg tot God die Vader?
- “Wat is die betekenis van geloof in Jesus Christus?”

A. DIE BETEKENIS VAN JESUS CHRISTUS AS ENIGSTE VERLOSSER IN DIE WÊRELD

Die boodskap van die evangelie is, “Hý bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie” (Handelinge 4:12; Johannes 4:42).

Waarom is Jesus Christus die enigste Verlosser in die wêreld? Waarom kan ander sogenaamde “verlossers” van die ander godsdienste nie regtig mense verlos nie?

1. Jesus Christus het unieke aansprake gemaak.

(1) ***Lees*** Johannes 5:16-30.
Jesus Christus is volkome gelyk aan God die Vader (vers 18). Hy besit die goddelike lewe van God die Vader (vers 26). Hy doen dieselfde werk as God die Vader (vers 19). Hy wek geestelik dooie mense op en gee hulle ewige lewe (vers 21,24-25). En Hy gaan ook die liggaamlike dooie mense laat opstaan uit die dode en hulle in die laaste oordeel (vers 21-22,28-29).

(2) ***Lees*** Johannes 10:36-38.
Jesus Christus is nie maar net ’n gewone mens wat daarop aanspraak maak dat Hy God is nie (vers 33), maar Hy is die Seun van God, d.w.s. God Wat die menslike natuur aangeneem het en de skepping en die menslike geskiedenis binnegetree het om God aan mense te openbaar en mense van hulle sondes te red (vers 36). God die Vader is in God die Seun en God die Seun is in God die Vader (vers 38). God die Seun doen die werke van God die Vader (vers 37).

(3) ***Lees*** Johannes 14:6-10.
God die Seun is die enigste Weg tot God die Vader (vers 6). God die Seun het God die Vader geopenbaar (vers 7,9). As Jesus Christus sê, “Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie?” (vers 10), dan gaan dit nie vir Hom oor ’n geestelike eenheid nie, maar oor ’n ontologiese eenheid: oor die bestaanswyse van die Goddelike Wese. Jesus Christus is deel van die één Goddelike Wese (Johannes 10:30)! Daarom sê Jesus, “Wie My sien, sien die Vader” en wie My ken, ken God (vers 9).

(4) ***Lees*** Matteus 10:40 en Lukas 10:16.
Jesus Christus het gesê, “Wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het”! En “wie My verwerp, verwerp Hom wat My gestuur het”! In elk geval staan of val die mens m.b.t. sy verhouding tot Jesus Christus! Simeon het gesê, “hierdie Kindjie is bestem tot ’n val en ’n opstanding van baie in Israel en tot 'n teken wat weerspreek sal word” (Lukas 2:34).

(5) ***Lees*** Jesaja 7:14; Jesaja 53:5.
Ongeveer 700 jaar voordat Christus na die aarde toe gekom het, het God geprofeteer dat die komende Verlosser se naam “God met ons” sou wees, en “Oor óns oortredings is hy deurboor” (aan die kruis), ter wille van ons sondes. Meer

as 60 profesieë in die Ou Testament oor die komende verlosser is in Jesus Christus vervul! Dertig daarvan is selfs op één dag vervul! Dit het nie toevallig gebeur nie! Daar is maar één kans uit 100 000 000 000 000 000 (17 nulle) dat 8 voorspellings in één enkele persoon in die geskiedenis van die wêreld vervul sou kon word. God het die koms van die Verlosser voorspel. Jesus Christus het al hierdie voorspellings vervul. Daarom is die aansprake van Jesus Christus ook die waarheid. Vergelyk handleiding 3, supplement 15 (Profesieë oor Jesus Christus).

2. Die apostels het unieke aansprake oor Jesus Christus gemaak.

(1) ***Lees*** Handelinge 4:12.

Die apostels van Jesus Christus het gesê dat God net één Naam aan mense op die aarde gegee het waardeur mense gered moet word. Die Naam is Jesus Christus! Jesus Christus is nie net 'n profeet wat die weg na God aanwys nie. Hy is Self die Enigste Weg tot God, die enigste Weg tot verlossing! Wie dit ontken, is geen "apostel" nie.

(2) ***Lees*** Johannes 1:1-4,11-12; 1 Timoteus 2:5.

Reeds vóór die skepping het God besluit dat Hy die geskape tyd en ruimte sou binnetree en 'n mens sou word in Jesus Christus (1 Petrus 1:20). Reeds vóór die skepping het God besluit om Christene in Christus uit te kies om sy heilige en suiwer volk te wees (Efesiërs 1:4). God Self het die menslike geskiedenis binne getree en het die lot van die mensheid op aarde gedeel ten einde mense van hulle sondes te verlos. Daarom het Jesus gesê, "Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek met julle praat, praat Ek nie uit my eie nie; maar dit kom van die Vader wat in My bly en sy werke doen" (Johannes 14:10).

Jesus Christus is die enigste Middelaar tussen God en mense. Die woord "Middelaar" beteken: iemand wat tussen God en die mense staan en deur wie die onsigbare God sigbaar in sy skepping werk. Jesus Christus is die Middelaar van die skepping, omdat God alles en almal net deur Jesus Christus geskep het (Johannes 1:3). Hy is die Middelaar van die openbaring, omdat God Homself volkome (as Lewe en Lig) in Jesus Christus geopenbaar het (Johannes 1:4). Hy is ook die Middelaar van die verlossing, omdat God geestelike kinders (seuns en dogters) alleen deur Jesus Christus aangeneem het (Efesiërs 1:5; Johannes 1:12-13). As die Enigste Middelaar tussen God en mense (1 Timoteus 2:5) verteenwoordig Jesus Christus God by die mense (Matteus 1:23; Kolossense 1:15) en mense by God (1 Johannes 2:1-2).

3. Waarom is die aansprake van Jesus Christus en die apostels volkome waar en geldig?

Die aansprake van Jesus Christus en die apostels dat Jesus Christus die Enigste Verlosser in die wêreld kan wees, is absoluut waar en geldig om drie unieke redes:

(1) Nét Jesus Christus het God volledig geopenbaar.
Jesus Christus is die volmaakte openbaring van God aan mense.

Lees Hebreërs 1:3 (Johannes 1:1,14,18; Filippense 2:6-8; Kolossense 1:15; Kolossense 2:9)

Geen ander mens of godsdienstige leier in die menslike geskiedenis het ooit daarop aanspraak gemaak dat hy die sigbare openbaring was van die onsigbare God van die Bybel nie! Niemand in die menslike geskiedenis was God wat naas sy goddelike natuur ook die menslike natuur aangeneem het en as Mens onder mense geleef het nie. Jesus Christus is "die Afskynsel van sy heerlikheid", d.w.s. die sigbare uitdrukking van al die goddelike eienskappe (soos God se heiligheid, geregtigheid en liefde). Jesus Christus is die afdruk/kopie van God se selfstandigheid, d.w.s. die presiese beeld van die Goddelike Wese (sy werklike bestaan, en sy wesenlike natuur). Jesus Christus is "die sigbare Beeld van die onsigbare God". In Jesus Christus is die goddelike volheid aanwesig.

(2) Nét Jesus Christus is volkome sondeloos en vir ewig volmaak.
Jesus Christus is die volmaakte soenoffer vir die sondes van die mense.

Lees Hebreërs 4:15; Hebreërs 7:26-28.

Ten einde die absoluut volmaakte soenoffer vir die sondes van mense te wees, moet die soenoffer aan vier vereistes voldoen.

- Die soenoffer moet 'n mens wees (Johannes 1:1,14). 'n Dier kan nie as soenoffer kwalifiseer nie, maar het gedurende die Ou-Testamentiese tyd gedien as 'n skadubeeld "tot die tyd dat God 'n beter orde (die Nuwe-Testamentiese orde) sou instel" (Hebreërs 9:7-10,13-14; Hebreërs 10:1-4).
- Die soenoffer moet sondeloos wees (Hebreërs 4:15; Hebreërs 7:26-28). 'n sondaar, selfs 'n priester of hoëpriester, kan nie kwalifiseer nie, want hulle moet self soenoffers bring.
- Die soenoffer moet gewillig sterf (Johannes 10:17-18). 'n Onwillige slagoffer kan nie kwalifiseer nie.
- Die soenoffer moet God se keuse wees (1 Petrus 1:19-20). 'n Self aangestelde profeet of priester kan nooit as verlosser kwalifiseer nie.

Geen ander mens of godsdienstige leier in die menslike geskiedenis het of kán aanspraak maak om ewig sondeloos te wees nie, en gewillig wees om as soenoffer vir die sondes van die wêreld te sterf (Johannes 1:29) en die keuse van die God van die Bybel te wees nie. Daarom kwalifiseer geen ander mens in die geskiedenis om die soenoffer vir sondes te wees nie. Daarom was daar ook geen ander mens wat sy lewe gee as 'n losprys vir baie nie (Markus 10:45).

(3) Alleen Jesus Christus het opgestaan uit die dood en leef vir ewig.
Jesus Christus is die volmaakte Hoëpriester wat vir gelowiges bid en sorg.

Lees Hebreërs 7:23-25.
Geen ander mens of godsdienstige leier in die menslike geskiedenis het aanspraak daarop gemaak dat hy uit die dood opgestaan het nie! Maar Jesus Christus het baie keer hierop aanspraak gemaak (Markus 8:31; Markus 9:31; Markus 10:33-34). Alle beroemde godsdienstige leiers lê nog steeds in hulle grafte! Maar baie mense was oor ’n periode van 40 dae ooggetuies gewees van die feit dat die opstanding van Jesus Christus werklik gebeur het (1 Korintiërs 15:5-8)! Deur sy opstanding uit die dood het God Hom met krag aangewys as die Seun van God en word Hy bely as die Seun van God (Romeine 1:3-4; Matteus 28:18). Hy het opgevaar na die hemel toe en sit aan die regterhand van God, vanwaar Hy sy Koninkryk vestig in die harte en lewens van miljoene van sy mense op aarde deur die verkondiging van die evangelie van genade.

Nietemin is hierdie genade alleen beskikbaar vóór sy wederkoms na die aarde toe. Daarom word mense opgeroep om nou, *vandag*, hulle te bekeer (Spreuke 27:1; 2 Korintiërs 6:2; Hebreërs 3:7-8). Tydens sy eerste koms het Jesus gekom as Verlosser, om te soek en te red wat verlore is (Lukas 19:10). Maar by sy wederkoms sal Hy kom as Regter om mense te oordeel (Prediker 12:14; 2 Korintiërs 5:10). Dán sal daar geen geleentheid meer wees om jou te bekeer en te glo nie. Daarom, as jy die evangelie hoor, bekeer jou en glo die evangelie (Markus 1:15)!

B. DIE BETEKENIS VAN GELOOF IN JESUS CHRISTUS

Die boodskap van die evangelie is, “God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê” (Johannes 3:16).

1. Wat is geloof?

(1) Die Christelike Geloof is gebaseer op feite!
Die Christelike Geloof is geen sprong in die duisternis in nie. Geloof begin nie waar die rede ophou nie. Die Christelike Geloof is nie gebaseer op die getuienis van net één profeet op één plek en binne één kultuur op aarde nie, maar is gebaseer op die getuienis van meer as 40 profete en apostels oor ’n tydperk van langer as 2000 jaar en binne minstens drie kulture in die wêreld! Die Christelike Geloof is gebaseer op feite! Geloof is die absolute sekerheid dat hierdie feite waar is. Geloof is die persoonlike oortuiging m.b.t. tot hierdie feite en ’n persoonlike verhouding met God wat hierdie feite geopenbaar het.

(2) Die Christelike Geloof het meer historiese getuies as enige ander geskiedkundige of godsdienstige gebeurtenis!
Die Bybel is vol feite dat God in die menslike geskiedenis gespreek en gehandel het en op ’n vertroulike wyse met mense omgaan. Daar is baie meer ooggetuies en oorgetuies, geskrewe dokumente van die Bybel, vertalings van die Bybel in ander tale en argeologiese bewyse dat die Bybel en die waarheid in die Bybel outentiek/waar is, as vir enige ander historiese gebeurtenis uit die verre verlede wat ondubbelsinnig as geskiedenis aanvaar word! Byvoorbeeld:

- De oudste volledige Hebreeuse manuskrip van Jesaja is by Qumran in Israel gevind en word op 125 v.C. gedateer, dus 560 jaar nadat dit geskryf is.
- ’n Griekse fragment van die Evangelie van Markus (Markus 6:52-53) word op 50 n.C. gedateer, ongeveer 4 jaar nadat dit geskryf is.
- ’n Griekse fragment van die Evangelie van Johannes (Johannes 18:31-34,37-38) word gedateer op 130 n.C. ± 33 jaar nadat dit geskryf is.
- Die Chester Beatty Papyri bevat ongeveer die hele Griekse Nuwe Testament en word op 200-250 n.C. gedateer, 150 jaar na die voltooiing van die hele Griekse Nuwe Testament.
- Die Codex Vaticanus bevat ongeveer die hele Griekse Nuwe Testament en word op 325-350 n.C. gedateer, 250 jaar na die voltooiing van die hele Griekse Nuwe Testament.
- Die Codex Sinaiticus bevat byna die hele Griekse Nuwe Testament en helfte van die Griekse Ou Testament en word op 350 n.C. gedateer, 250 jaar na die voltooiing van die hele Griekse Nuwe Testament.
- Die Codex Alexandrinus bevat byna die hele Griekse Bybel en word op 400 n.C. gedateer, 300 jaar na die voltooiing van die hele Griekse Nuwe Testament. [1]
- Vyf duisend ander manuskripte van die Griekse Nuwe Testament word tussen die 10de en 15de eeu n.C. gedateer.
- Duisende manuskripte van vertalings van die Griekse Nuwe Testament bestaan in Latyn, Siries, drie Egiptiese tale, Goties, Armeens, Ethiopies, Georgies en Arabies en word tussen die 2de en 4de eeu n.C. gedateer, dus binne 300 jaar na voltooiing van die Griekse Nuwe Testament. Almal bewys dat die oorspronklike Griekse teks onveranderd gebly het!

[1] Al hierdie FEITE bewys dat wanneer Moslems sê dat Christene die Bybel verander het ’n leun is! Die Koran (insluitend Sura 5:14-19 wat hierdie beskuldiging maak) is eers BAIE LATER (naamlik na 722 n.C.) opgeteken!

Dit is ‘n historiese bewys dat geen enkele manuskrip in die Bybel ooit verander is nie! Die beskuldiging van ander godsdienste dat die Bybel deur die Jode en die Christene vervals is, is ’n ongegrond versinsel en heeltemal vals! Alle godsdienstige boeke wat na 400 n.C. geskryf is en verskil van wat die Bybel sê, is dus deur daardie godsdiens verander!

Enige persoon wat nalaat om hierdie bewyse te bestudeer, is nie wys nie. Die christelike boodskap is die belangrikste boodskap in die menslike geskiedenis! Mense moet dié boodskap hoor en ernstig oorweeg.

2. Wie maak geloof in Jesus Christus moontlik?

Wat is die aandeel van die mens in geloof? Geloof in die Bybel is onlosmaaklik verbind aan die inisiatief van God in sy openbaring en sy genade en die antwoord van die mens in geloof en gehoorsaamheid. Sonder die openbaring en genade van God is geloof onmoontlik. En sonder die gehoorsaamheid van die mens is geloof onvolledig. God is altyd eerste met sy openbaring en genade. En die mens is altyd tweede met sy geloof (vertroue) en gehoorsaamheid (goeie werke).

(1) Die openbaring van God is nodig om te weet wat jy moet glo.

Lees Romeine 10:14-17; Hebreërs 11:6-8.
God neem altyd die inisiatief deur iemand te stuur om die evangelie aan jou te verkondig. Sonder hierdie verkondiging kan jy nie glo nie (Romeine 10:14-17). God het Homself en sy wil aan Noag en Abraham geopenbaar voordat hulle in geloof en gehoorsaamheid daarop gereageer het (Hebreërs 11:6-8).

(2) Die genade van God is nodig om te kan glo.

Lees Johannes 6:44,37; Filippense 1:29 (Johannes 16:8; Handelinge 13:48).
God neem altyd die inisiatief om mense na Christus toe te trek (Johannes 6:44) en hulle in hul denke en harte te oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel (Johannes 16:8-10). Daarom erken alle gelowiges dat hulle geloof ’n gawe van God is (Efesiërs 2:8-9; Filippense 1:29; Handelinge 13:48; Handelinge 16:14; Handelinge 18:27).

(3) Die antwoord van geloof van die mens is nodig om geregverdig (verlos) te word).

Lees Efesiërs 2:8-10; Jakobus 2:22.
God verwag dat ’n mens reageer op sy openbaring en sy genade deur die verlossing met leë hande aan te neem. Geloof kan voorgestel word as die stam van ’n boom, waarvan die wortels die genade van God en die vrugte die gehoorsaamheid of goeie werke van die gelowige voorstel (Efesiërs 2:8-10).

Oor die reaksie of antwoord van die mens op die openbaring van God en die genade van God sê Jesus Christus, “Span al julle kragte in om by die smal deur in te gaan. Baie verseker Ek julle, sal probeer om in te gaan naar hulle sal dit nie regkry nie” (Lukas 13:24; Matteus 7:13-14). Jesus sê ook, “Sedert die dae van Johannes die Doper tot nou toe breek die koninkryk van die hemel vir homself 'n pad oop, en mense wat hulle kragtig inspan, kry dit in besit” (Matteus 11:12). Die geloof van mense vereis moed, inspanning en ywer om dit wat Jesus aanbied aan te gryp.

3. Hoe glo jy prakties in Jesus Christus?

Lees Johannes 1:12; Openbaring 3:20 (Romeine 10:9,10,13,17).
Geloof as die reaksie van die mens op die inisiatief van God, het drie stappe:

(1) Kennis.

Met sy ore hoor iemand die evangelie boodskap aangaande Jesus Christus. Sonder die hoor van die evangelie (die Woord) is geloof onmoontlik. Die persoon sou nie weet waarin hy moet glo nie.

(2) Geloof (vertroue).

Met sy hart glo hy dat hierdie boodskap wat hy gehoor het waar is, niet net vir ander mense nie, maar ook voor hóm. Sonder hierdie persoonlike oortuiging, bly die boodskap blote kennis, wat geen verandering sal teweeg bring nie.

(3) Gehoorsaamheid.

Met sy mond roep hy Jesus Christus aan om hom te verlos. In sy gebed bely hy Jesus Christus as sy Verlosser en Here, maar ook as Heer van die heelal. Hy vra Jesus Christus om in sy hart en lewe in te kom. Sonder hierdie persoonlike aanvaarding (ontvangs) van die genade en vryspraak word hy nie geregverdig (verlos) nie (Romeine 5:17; Johannes 1:12).

4. Wat moet jy doen as jy dit moeilik vind om in Jesus Christus te glo?

Lees Johannes 1:37-39,43-50; Matteus 9:9.

(1) Gehoorsaamheid lei tot geloof.

Toe Jesus mense geroep het om Hom as dissipels te volg, het Hy gesê, “Kom saam, dan sal julle sien!” en “Volg My!” Johannes en Andreas het gehoorsaam, Jesus gevolg en die hele dag saam met Jesus gegaan. Daarna het hulle nie weer opgehou om Jesus te volg nie! Ook Filippus het die roeping van Jesus gehoorsaam en by die klein groepie dissipels aangesluit (Johannes, Andreas en Petrus). Filippus het op sy beurt aan Natanael vertel dat hy die Verlosser, Jesus van Nasaret, gevind het, maar dit kon Natanael nie glo nie! Toe nooi Filippus Natanael uit, “Kom kyk!” Natanael het gehoorsaam, saamgekom na die klein groepie dissipels en ontmoet daar vir Jesus. So het Natanael in hom in die situasie

bevind waar geloof moontlik word en hy sê “Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel!” Ook Matteus gehoorsaam die roeping van Jesus, verlaat sy daaglikse werk en het Jesus begin volg.

In Natanael se geval het die roeping om Jesus te volg (dissipelskap) nie onmiddellik tot geloof gelei, soos dit by die ander dissipels gebeur het nie. Die ander dissipels het gehoor, geglo en het begin om te gehoorsaam (volg). Maar Natanael het gehoor, gehoorsaam (begin te volg) en toe eers tot geloof gekom! Sy gehoorsaamheid aan die oproep van Jesus (die evangelie) het gelei tot egte geloof en egte dissipelskap! Natanael was van nature krities en het nie maklik alles geglo wat hy gehoor het nie. Daarom sou Filippus hom ook nie met feite en argumente kon oortuig nie. Maar deur hom te bring in die plek waar hy Jesus Christus kon ontmoet, het ook hy in Jesus geglo. Die ontmoeting met Jesus was die gebeurtenis wat die geloof vir Natanael moontlik en waar gemaak het. Vir sommige begin dissipelskap met geloof, maar vir andere begin dit met gehoorsaamheid: “Kom kyk net!” “Kom net saam!”

(2) Gehoorsaamheid is absoluut noodsaaklik.

’n Mens kom nie vry van die oproep om ’n dissipel van Jesus Christus te word nie. ’n Mens moet gehoorsaam! Anders word dit “’n Christendom sonder dissipelskap” en dit is ’n “Christendom sonder Christus”! In daardie soort Christendom is daar geloof in God, maar geen navolging van Christus nie! Só ’n geloof bly ’n abstrakte idee, ’n mite wat geen plek het vir die vaderskap van God nie. So ’n geloof sluit ook Jesus Christus as Seun van God uit. Die geloof in “’n God” is nié voldoende nie, want die demone glo ook dat daar ’n God is en hulle sidder (Jakobus 2:19)! Geloof in God sonder die navolging van Jesus Christus is ’n “dooie geloof” (Jakobus 2:17). Die enigste ware verhouding wat mense met Jesus Christus kan hê, is deur sy oproep tot dissipelskap te gehoorsaam en Jesus Christus daadwerklik te volg. Die geloof van Abraham is vervolmaak deur sy dade (Jakobus 2:22).

Dus, as iemand sukkel om die feite van die evangelie te glo, dan moet hy die oproep van Jesus Christus gehoorsaam om Hom te volg! Wanneer ’n mens opstaan en Jesus Christus begin te volg, kom hy in ’n situasie waar geloof moontlik en eg is!

5. Waarom is die oproep tot dissipelskap so belangrik?

(1) Die oproep van Jesus Christus tot dissipelskap is noodsaaklik.

Lees Lukas 9:57-58.

Die oproep van Jesus Christus tot dissipelskap was noodsaaklik, omdat niemand die koste van dissipelskap kan bereken nie. Die eerste aspirant dissipel/leerling van Jesus Christus het nie gewag op die oproep tot dissipelskap nie. Hy het aangebied om Jesus te volg waar Hy ook al gaan. Jesus het geantwoord dat dissipelskap inhou dat jy soms geen slaapplek sal hê nie. Dissipelskap is die weg van die kruis, omdat Jesus op pad was na sý kruis toe. Geen mens kies sommer uit sy eie die lewe van ’n dissipel nie. Geen mens kies so ’n bestemming vir homself nie. Hierdie man het geen antwoord gegee nie en kon ook nie vir Jesus ’n antwoord gee nie, omdat daar ’n groot verskil is tussen die vrywillige aanbod om Jesus te volg en die oproep van Jesus om Hom te volg.

(2) Die oproep van Jesus Christus tot dissipelskap is absoluut. Dit sluit ander opsies uit.

Lees Lukas 9:59-60.

Die oproep van Jesus Christus tot dissipelskap is absoluut, omdat niks tussen Jesus Christus en sy dissipel mag kom nie. Geen godsdienstige wet en geen sosiale gewoonte mag tussen Jesus en sy dissipel inkom nie. Die tweede aspirant dissipel/leerling van Jesus Christus het die oproep tot dissipelskap gehoor, maar was nog gebonde aan die Joodse Wet soos dit uitgelê is deur die Joodse Skrifgeleerdes: “gaan begrawe eers jou pa”. Hy het begryp wat Jesus wou hê dat hy sou doen, maar het gekies om eers die voorskrifte van die Joodse Wet na te kom. ’n Godsdienstige voorskrif word die skeiding wat hom verhinder om Jesus te volg. Die oproep tot dissipelskap moet egter die primêre/sterkste oproep wees. Niks mag tussen Jesus en die geroepene kom nie. Alles wat tussen Jesus en die geroepene inkom, moet verbreek word, moet ter wille van Jesus Christus opsy gesit word. Ou godsdienstige wette en ou sosiale gewoontes verloor hulle reg of aanspraak op gehoorsaamheid as dit mense verhinder om Jesus Christus as sy dissipel te volg! God spreek sy laaste en finale woord deur Jesus Christus (Hebreërs 1:1-2)! ’n Mens moet die oproep van Jesus Christus tot dissipelskap gehoorsaam! Iemand wat geroep word mag hierdie oproep nie verontagsaam nie. “Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop” (d.i. jy maak jouself net seer deur jou teen My te verset en met sinlose hardkoppigheid in jou tradisionele godsdiens voort te gaan) (Handelinge 26:14-18). Die oproep van Jesus tot dissipelskap is genade en hierdie genade was vir Johannes, Andreas, Petrus, Filippus en Natanael onweerstaanbaar! Genade het in hulle lewens gewen en daarna in die lewe van Paulus en ook miljoene ander volgelinge van Jesus oral in die wêreld gewen!

(3) Die oproep van Jesus Christus tot dissipelskap is onvoorwaardelik.

Lees Lukas 9:61-62.

Die oproep tot dissipelskap is onvoorwaardelik, omdat niemand toegelaat word om sy eie voorwaardes vir dissipelskap voor te skryf nie. Die derde aspirant leerling/dissipel wag ook nie op die oproep van Jesus Christus tot dissipelskap nie, maar bied aan om Jesus te volg asof dissipelskap ’n soort beroep was wat hyself kan sê hoe dit moet gebeur. Terwyl die eerste aspirant leerling nie die koste vir dissipelskap bereken het nie, maak die derde aspirant leerling sy eie berekening en stel sy eie voorwaarde vir dissipelskap. Hy wil eers teruggaan huis toe om familie en vriende te groet. Terwyl die tweede aspirant dissipel gebonde was aan bestaande reëls in sy godsdiens en kultuur, het die derde aspirant leerling sy eie skeiding tussen Jesus en homself opgerig. Hy wil Jesus wel volg, maar dan op sy eie voorwaardes. Dissipelskap was

net moontlik as bepaalde voorwaardes nagekom kan word. Hy verlaag dissipelskap tot ’n menslike blik op alle aktiwiteite: “eers dit doen en dan dat doen”. Sy soort dissipelskap is nie meer egte dissipelskap nie, maar meer ’n soort menslike godsdiens. Egte dissipelskap verdra nie voorwaardes wat tussen Jesus en gehoorsaamheid aan sy oproep tot dissipelskap kom staan nie!

Dus as mens dit moeilik vind om die boodskap van die evangelie te glo, dan moet hy gewoon die oproep van Jesus tot dissipelskap gehoorsaam: “Kom kyk!” “Volg My!” Wanneer hy die oproep van Jesus hoor en gehoorsaam, kom hy in ’n situasie waar geloof in Jesus Christus moontlik en eg word! Dis ’n risiko om die eerste stap te neem, maar is die enigste manier om te leer wat geloof werklik is! Hy wat geroep word, moet uit die situasie gaan waar hy nie kan glo nie en die eerste stap na Jesus Christus toe neem na die situasie toe waar hy wel kan begin glo!

Samevatting. Die oproep van Jesus tot dissipelskap skep ’n situasie waarin geloof moontlik word. Anders gestel, “Geloof kom deur die hoor van die gesproke woord (stem) van Christus”. Egte en blywende geloof begin met ’n stap van gehoorsaamheid na Jesus Christus toe. Net ’n mens wat gehoorsaam is, glo regtig. En alleen die mens wat glo, is waarlik gehoorsaam. Geloof word eers ware geloof in die daad van gehoorsaamheid (Jakobus 2:22) en ware gehoorsaamheid glo in die Jesus Christus wat God gestuur het (Johannes 6:28-29).

5	GEBED (8 minute) *[REAKSIE]* GEBED AS ANTWOORD OP GOD SE WOORD	

Bid saam in antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) teenoor God reageer op wat hy tydens hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

Of verdeel die groep in groepies van twee of drie en bid saam vir mekaar (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute) *[OPDRAGTE]* VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS	

Deel de voorbereiding vir die volgende keer uit op ’n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan om ’n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig of gee onderrig of bestudeer die studie oor die begrippe van die evangelie saam met ’n ander persoon.
   Kies byvoorbeeld Psalm 34 en dink na oor jou eie vrae. Verkondig, leer of bestudeer die studie oor die vrae metode vir stiltetyd saam met iemand anders of met ’n klein groepie mense.
2. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer ’n halwe hoofstuk per keer uit Genesis 16:1 – 19:29. Maak gebruik van de vrae metode vir stiltetyd en maak kort aantekeninge.
3. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. (2) Handelinge 5:12-42. Tema: Die evangelisasie taak van die gemeente. Maak gebruik van die vyf stappe metode en maak kort aantekeninge.
4. Gebed. Bid vir iemand of iets hierdie week en sien uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. Hou jou notas op datum. Hierdie week oor aanbidding van God, die studie oor begrippe van die evangelie en hierdie voorbereiding.